



KRUGER

Internasionaal

Privaat Welvaart-Bestuur

DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die negende verslag vanjaar.

Politiek

- Teen die tyd dat u hierdie verslag kry of lees, is die uitslag van die middeltermyn verkiesing in die VSA heel moontlik bekend. Die aanduidings so kort voor die verkiesing is egter dat die Obama Administrasie nie sy meerderheid sal kan handhaaf in die Kongres nie en dat dit die vermoë om beleid deur te voer in die komende twee jaar aansienlik moeiliker sal maak. Gegewe die huidige ekonomiese en finansiële probleme is dit beslis nie die beste situasie om oplossings te vind nie. Ons wat van buite die VSA dinge dophou moet net altyd in gedagte hou dat wat daar gebeur die res van die wêreld ekonomie steeds beïnvloed.
- Intussen het die president van Frankryk sy eie probleme omdat hy graag wil hê dat staatsamptenare langer moet werk voordat hulle amptelik met pensioen gaan. Snaaks genoeg hou hulle nie daarvan nie – sou dit nou wees omdat hulle regtig nie van werk hou nie?
- In die res van Europa is dit nou 'n algemene probleem dat staatsamptenare gedwing word om langer in hul kantore te sit voordat hulle met pensioen mag gaan weens die finansiële probleme waarin pensioenfondse en staatsbegrotings hulle tans bevind. (Hoe baie mense sou wat wou gee om net 'n werk te hê!?) Baie jong mense betoog tans omdat hulle voel dat hulle uitgesluit word van die arbeidsveld omdat ou mense nou nog langer hul stoele mag warm sit.
- Die probleme in die Midde-Ooste duur voort. Selfs sommige Suid-Afrikaanse instellings raak ongeduldig met Israel wat hophuise wil bou op plekke wat nie aanvaarbaar is nie. Intussen duur die onrustigheid/oorlog in Irak, Afghanistan en Pakistan voort sonder vooruitsigte vir spoedige oplossings.
- Intussen ry die Somaliese seerowers steeds die kruin van die golwe en word wêreldwyd meer skeep as verlede jaar gekaap.
- Plaaslik droom politici oor die vyf miljoen werkgeleenthede wat uit die hemel sal val. Die vraag is of ons werklik ernstig is om die struktuurveranderinge aan beleid aan te bring wat noodsaaklik is om eerstens die groei in die ekonomie te skep en tweedens die omgewing te skep waarin dit winsgewend sal wees om eerder mense as masjiene in diens te neem. Ek neem dit steeds nie waar nie.

Internasionaal

- In die VSA is die fokus steeds op die hoë werkloosheidsvlak van net meer as 9.5% en die vrees dat dit teen die einde van die jaar en begin 2011 tot 10% kan styg. Die idee is dat die fiskale beleid of staatsbegroting stimulerend moet wees deur meer uit te gee as wat deur middel van belasting geïen word. Terselfdertyd neem die bekommernis toe dat hierdie begrotingstekort van sowat \$1.4 triljoen te groot word en uiteindelik tot hoër belasting- en rentekoerse sal lei wat negatief



- sal wees vir groei. Intussen val die klem weer eens op die monetêre beleid en word verwag dat die Federal Reserve Board teen die derde November sal aankondig dat hulle sowat \$1 triljoen se geld in die ekonomie sal pomp. Of die Fed bereid sal wees om soveel geld te skep, sal ons teen Woensdag weet.
- Hierteenoor is menige Europese land tans besig om hul begrotingstekorte drasties aan te spreek. Griekeland, Portugal, Spanje, Ierland, Brittanje, Frankryk is tans besig om hul begrotingsgordels styf in te trek. Dit lei tot politieke onrustigheid in al hierdie lande want byvoorbeeld in Brittanje kan dit tot die verlies van 500,000 werkgeleenthede lei. In die geval van Ierland is die aanduidings dat die begrotingstekort vanjaar 32% van die totale ekonomie kan wees teenoor die net meer as 10% van die VSA. Die algemeen strengere fiskale beleid wat in Europa gevolg word, bring mee dat die sentrale banke 'n meer toegewende monetêre beleid volg sodat ekonomiese groei nie te veel verlangsaam en werkloosheid dalk nog hoër as die huidige 10% styg nie.
- Die gevolg van die beleid wat in die VSA gevolg word, is dat daar meer dollars geskep word en rentekoerse laag bly. Die groter hoeveelheid dollars beskikbaar, veroorsaak 'n algemene verswakking van die dollar teenoor ander geldeenhede. Dis tot 'n mindere mate die geval in Euroland waar daar nie beide 'n uitbreidende fiskale en monetêre beleid gehandhaaf word soos in die VSA nie.
- Die stimulerende fiskale en monetêre beleid wat tot 'n mindere of meerdere mate in die ontwikkelde lande gevolg word, bring mee dat rentekoerse in hierdie lande laag bly en dat goedkoop geld in hierdie lande geleen word om in die ontlukende lande van die wêreld te belê. Dit veroorsaak dat die geldeenhede van die ontlukende lande soos, Brasilië en die RSA versterk teenoor die van die ontwikkelde lande. Dit veroorsaak tans handelswrywing tussen die ontwikkelde en ontlukende lande. Die ontlukende lande poog dan om hulself te beskerm deur die invloei van buitelandse kapitaal te beperk en sodoende te voorkom dat hul geldeenhede te sterk word en uitvoere benadeel. Oral word gepoog om ekonomiese groei aan te wakker deur uitvoere te stimuleer, maar 'n sterk geldeenheid beperk die groeitempo van uitvoere.
- Die lae korttermynrentekoerse tesame met die verswakking van die dollar, bring mee dat beleggings steeds in kommoditeite, aandelebeurse, kapitaal- en valutamarkte gemaak word. Hierdie situasie kan nog geruime tyd voortduur omdat tans verwag word dat kortkoerse nie voor die begin van 2012 sal begin styg nie. Deelnemers in hierdie markte kan natuurlik lank voor enige styging van rentekoerse plaasvind, reeds hul posisies begin aanpas.
- Langtermynrentekoerse sal na verwagting ook verdere dalings toon – veral as die Fed 'n stimuleringspakket van \$1 triljoen aankondig. Die verwagting is dat die tien jaar VSA staatseffek in die eerste kwartaal van 2011 teen sowat 1.75% kan verhandel.
- Algemene kommoditeitspryse word steeds bevoordeel deur die lae rentekoerse, die verswakkende dollar en die aanduiding dat die Chinese vraag na kommoditeite soos koper en ystererts steeds sterk sal bly.
- Die goudprys word ondersteun deur die vrese dat die oormatige skep van likiditeit mettertyd tot inflasie aanleiding kan gee, dat die finansiële stesel weer eens onstabiel kan raak, die lae heersende rentekoerse, asook die swak vertoning van die dollar.
- Die olieprys word ondersteun deur die voortgesette matige herstel van ekonomiese groei, die swak vertoning van die dollar asook die lae rentekoerse. Die aanduiding is egter dat voorraadvlakke steeds hoog bly en dat dit enige noemenswaardige prystyging sal demp in die volgende jaar.



Plaaslik

- Die mediumtermyn-begroting stel die mikpunt dat die ekonomie teen 6% per jaar vir die volgende tien jaar moet groei sodat daar 5 miljoen werkgeleenthede geskep kan word. Om dit te bereik, sal die onderwys- en opleidingstelsel die nodige kundiges in die tydperk aan die ekonomie moet lewer, die arbeidsbedeling sal aangepas moet word sodat dit winsgewend word om eerder mense as masjiene in diens te neem, misdaad/korrupsie moet onder beheer gekry word, mediese dienste sal kwaliteit gesondsoorg aan die breë bevolking moet lewer, die onsekerhede rondom die mynbou- en landbousektore moet uit die weg geruim word, die fiskale beleid vanaf die sentrale tot die plaaslike regeringsvlak moet sakevriendelik word en rompslomp moet tot die minimum beperk word. Ek is ongelukkig nie baie opgewonde dat al hierdie sake in plek sal kom in die volgende dekade of twee nie.
- Daar is weer eens klem geplaas op die verbetering van die infrastruktuur, alhoewel die bedrag verklein is van R846 miljard oor drie jaar tot R811 miljard. Indien die infrastruktuur wel verbeter, is die vraag of die res van die ekonomie sodanig sal ontwikkel dat die verbeterde dienste wel benut kan word. Of die sakesektor wel die nodige fiskale ondersteuning, byvoorbeeld verlaagde belastings, in die volgende dekade te wagte kan wees, sal ons eers tydens die Februarie begroting kan waarneem.
- Alhoewel valutabeheer verder verslap is, is ek van mening dat die invloed van geld in die volgende aantal maande steeds aansienlik groter sal wees as die uitvloeï. Tans maak dit nie sin om in die korttermyn in die buiteland te belê nie weens die aansienlike laer opbrengs wat op sulke fondse teenoor plaaslike beleggings verdien kan word nie. Sodra daar 'n duidelike verandering in die tendens van die rand teenoor ander geldeenhede waargeneem word, of indien die beleggings met 'n langtermyn doel gedoen word, sal dit natuurlik sin maak om beleggings internasionaal te diversifiseer.
- Die aanduidings is dat enige tekorte op die lopenderekening van die betalingsbalans in die volgende jaar steeds deur die voortgesette invloed van korttermyn buitelandse kapitaal gefinansier sal word. Die volume van buitelandse kapitaal wat in die land is, maak die risiko vir 'n dramatiese ommeswaai wanneer internasionale tendense verander, al hoe groter. Die betalingsbalans bly onder beheer vir die afsienbare toekoms.
- Die aanduidings wat in die mediumtermyn begroting gegee is, dui daarop dat die sentrale regering se begrotingstekort aansienlik kleiner sal wees as wat in Februarie verwag is en dat dit in die komende jare verder sal verbeter. Daar is by my egter steeds 'n bekommernis of die fiskale beleid werklik die breë sakesektor sal ondersteun om die nodige groei en indiensneming daar te stel. Plaaslike owerhede se probleme bly onopgelos.
- Die verwagting is dat inflasie tot in 2012 binne die teikens van die owerhede sal bly. Die risiko vir hierdie verwagting is 'n verswakkende rand terwyl plaaslike kostestygings nie onder beheer is nie. Die sterkte van die rand dui egter daarop dat dit vir enige plaaslike onderneming van wesenlike belang is om kostes onder beheer te kry en te hou indien sodanige onderneming in die plaaslike of internasionale handelsmarkte mededingend wil wees.
- Die styging van arbeidskoste in die afgelope jaar, tesame met die voortgesette sterkte van die rand, dui daarop dat werkloosheid in komende maande verder sal styg. Hopelik het die matrieks tydens die afgelope jaar fluks gewerk terwyl menige onderwyser



danspassies buite die klaskamers geoefen het en word ons verras met goeie resultate aan die begin van 2011.

- Die risiko is dat korttermynrentekoerse tussen nou en die einde van 2011 verder kan daal. Hopelik het almal gediversifiseerde beleggingsportefeuljes oor die jare opgebou!
- Gegewe die plaaslike en internasionale tendense, is die risiko dat plaaslike langtermynkoerse verder kan daal – veral indien die inflasiekoers steeds na die onderkant verras en nieteenstaande groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor.
- Die rand word steeds ondersteun deur die invloei van buitelandse kapitaal. Hierdie tendens kan voortgesit word solank internasionale rentekoerse op huidige lae vlakke bly.

Beleggingsomgewing

- Tans is die aanduidings dat internasionale kortkoerse tot minstens die einde van 2011 en selfs tot in 2012 op huidige lae vlakke sal beweeg. Dit sal steeds veroorsaak dat beter opbrengste in die kapitaal-, valutamarkte, aandelebeurse en kommoditeite gesoek word.
- Die vermoë van individuele lande om noemenswaardig in die valutamark met 'n daaglikse omset van \$4 triljoen in te meng, bly gering. Dit moet dus verwag word dat geldeenhede soos die dollar, waar groot hoeveelhede geld geskep word, steeds swak sal vertoon en ontluikende lande asook lande soos Australië se geldeenhede ongemaklik sterk sal bly. Wanneer sienings in hierdie markte verander, kan die ommeswaai na die ander kant net so ongemaklik wees!
- Wat die internasionale kapitaalmarkte betref moet in gedagte gehou word dat daar oor die afgelope jaar oormatige hoeveelhede geld na hierdie markte gestroom het en dat 'n regstelling een of ander tyd na vore kan tree. Dit kan 'n wesenlike invloed op ander markte soos die aandelebeurse hê.
- Plaaslik word verwag dat kortkoerse ook tot aan die einde van 2011 of begin van 2012 sywaarts of laer sal beweeg. Dit geld langkoerse ook, maar hierdie koerse kan die eerstes wees wat van rigting verander.
- Die plaaslike aandelebeurs word steeds deur internasionale tendense, maar ook deur beter winsyfers as in 2009, bevoordeel.
- Die rand bly sterk weens die voortgesette invloei van buitelandse kapitaal – heel moontlik tot minstens die tweede helfte van 2011.

Ulrich Joubert.

30 Oktober 2010.